HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

16 Maart 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, kom maak asseblief kennis na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal (by die hoofingang).

GEMEENTEKAMP 2025

21 – 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes

SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :

R150 pppn / volw

R85 pppn kinders

0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325

... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

16:30 Buffelsfonteindiens

Deurkollekte: Sin Gemeentehulp

Program vir die week

Maandag: 17 Maart
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 19 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 21 Maart:
Publieke Vakansiedag
Kantoor gesluit

21 - 23 Maart Gemeentekamp te Innikloof

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Divorce Care

As jy weet van iemand wat onlangs die seer pad van egskeiding gestap het - nooi hulle gerus na Divorce Care @ Hoogland.
Dit is ook vir nie-Hooglanders.

Inskrywings is R300 p.p.
Sien gerus die *Divorce Care* pamflet of tik die volgende skakel in om aanlyn in te skryf
https://www.divorcecare.org/groups/260841

Hoogland dink met leedwese aan Esmé Nel, haar kinders, familie en vriende met die afsterwe van haar mammie, Tannie Miriam Gerber.

GOD IS AAN DIE BEWEEG ...

Lydenstyd is ’n reis. Dit is nie net ’n reis deur Bybelverhale en Jesus se lydensweg nie, maar ook ’n reis waarin ons God se beweging in ons eie lewens raaksien.

Ons herinner onsself daaraan dat God nie stilstaan nie. Hy is *aan die beweeg* – in die woestyn, oor grense heen, verby struikelblokke, tot by mense wat verlore is, tot ons leegmaak, tot ons uitroep: Hosanna!, en reguit na die kruis.

In Lukas 13 sien ons hoe Jesus *doelgerig* beweeg na Jerusalem ten spyte van struikelblokke. Die Fariseërs waarsku Hom dat Herodes Hom wil doodmaak, maar Jesus laat Hom nie afskrik nie. Hy is vasberade en is nie bang vir bedreigings of struikelblokke nie. Hy antwoord hulle dat Hy sy werk sal voortsit.

Jesus is aan die beweeg en niks kan Hom keer nie. Nie bedreigings van ’n koning nie. Nie die teenstand van mense nie. Nie die lyding wat voorlê nie. Hy bly in beweging – met liefde en deernis vir ’n verlore stad en ’n verlore wêreld.

Net soos Jesus nie gestop kon word deur bedreigings, vrees of teenstand nie, beweeg God steeds in ons lewens – verby struikelblokke van vrees, sonde, moedeloosheid en selfs ons eie weerstand.

Lydenstyd herinner ons daaraan dat Sy plan aangaan. Sy liefde hou nie op nie. Sy plan sterker is as enige hindernis. Hy roep ons om Sy bewegende genade te volg, selfs al voel dit asof struikelblokke in die pad staan. En soos Jesus, mag ons ook vasstaan in geloof, wetende dat Hy ons lei – selfs deur moeilike tye.

✝️ **Vandag se refleksie:**

- Watter struikelblokke voel vir jou onoorbrugbaar?
- Hoe kan jy vertrou dat God steeds aan die beweeg is in jou lewe?

Mag ons vandag ons eie struikelblokke voor God bring en Hom vertrou dat Hy ons sal help om aan te beweeg, in geloof en gehoorsaamheid.

GOD BEWEEG VERBY ALLE STRUIKELBLOKKE

FIETSTRAP NA...

ZITHULELE GEMEENTE

Jy is baie welkom...

Kom luister & kuier saam

Kom luister saam na die stories & getuienisse van **Ds Wynand Breytenbach** (van Durbanville gemeente).

Hy trap fiets na **Zithulele gemeente**, in die voormalige Transkei area.

INLIGTINGS- & GETUIENISAAND

Maandag, 24 Maart
om 18:00
@ PE-Hoogland Gemeente
Isobellaan 1, Charlo

Wil jy kom saam trap?

Enige fietsryers wat dalk 'n ent saam met Ds Wynand wil ry:
Maandagoggend, 24 Maart vanaf Knysna oppad na Hoogland **OF Dinsdagoggend, 25 Maart** vertrek vanaf Hoogland na Port Alfred om 07:00
WhatsApp asseblief FIETSTRAP & jou naam na 079 815 9325 vir verdere reëlings.

RSVP na 079 815 9325 - WhatsApp jou naam en hoeveel mense saam kom luister.

DAGBOEK HIERDIE DATUM!!

JOU KAARTJIE NA ....

Hoogland se KUIERFEES

Vrydag, 23 Mei 2025 vanaf 16:00

Hoogland Kerkterrein, 1 Isobellaan, Charlo

Kom kuier soos net Hoogland kan kuier!! ALMAL IS WELKOM!

Gratis toegang na ...

Heerlike kos, groentemark, veiling & en hope kindervermaak

Kuierfees-span vra solank :

- **Roomysbakke** - maak asseblief roomysbakke bymekaar (2 & 5l)
- **Glasbottels** - groot en klein enige vorm word benodig
- **Veiling** - die veilingspan is opsoek na
  - ⇒ mooi, meer duursame, NUWE items vir jou huis
  - ⇒ slaggoed bv. heel lammers, wild
  - ⇒ enige skenkings wat opgeveil kan word bv. 'n nuwe golfsak / ens.
- **Hande** - daar word nog baie hande by verskeie stalletjies benodig!

  Basaarspan vra net 'n uur van jou tyd om iewers te kom help. Vele hande maak ligter werk!
- **Plaasstal** - is opsoek na onder andere
  - ⇒ ingelegte plaasprodukte bv. olywe/konfyt/ens
  - ⇒ gebottelde slaaie
  - ⇒ gevriesde etes
  - ⇒ interessante handwerk items
  - ⇒ oulike naaldwerk items
- **Tombola tafel** - Basaar tyd is ook huis skoonmaak tyd in Hoogland. Enige skoon, heel, gebruikte items asook heel speelgoed / storieboeke / ander huishoudelike items / dalk selfs 'n paar motorhuis items is welkom.

Gesels gerus **met Annalize en Leon** oor enige van die bogenoemde items. Donasies / skenkings kan Sondae in die voorportaal gelaat word of in die week by die Kerkkantoor afgegee word tussen 08:00 & 13:00.

#IMAGINE 2025

4 - 6 April te Jeffreysbaai

Het jy al gehoor van **#Imagine**? As jy dit nog nie beleef het nie, **móét** jy dit hierdie jaar ervaar! Bring jou vriende saam en kom geniet 'n hele naweek vol *awesome praise & worship*, super inspirerende sprekers en soveel **meer pret**!

Wat is #Imagine??

#Imagine is 'n ongelooflike naweek spesiaal vir tieners soos **JY!** Dit is die perfekte plek om jou geloof in Jesus te groei, jou roeping te ontdek en 'n verskil te maak in die wêreld. **Hier is wat vir jou voorlê**:

- Praise & worship soos jy dit nog nooit ervaar het nie
- Motiverende sprekers wat jou lewe gaan verander
- Gebedstasies en groepsessies waar jy diep kan connect
- Werk in spanne en verken jou kreatiwiteit met pret werksessies
- En natuurlik, hope fun op die strand!

Gemeentes van regoor Suid-Afrika bring groepe tieners en hulle leiers na hierdie *EPIC* naweek toe. Almal is welkom - dit maak nie saak wat jou agtergrond of kerk is nie, **JY** het 'n plek hier!

Ons slaap in tente, eet lekker saam, en bou memories wat jy nooit sal vergeet nie!

Hoe kan jy deel wees?

Ons soek ook vrywilligers - of jy nou 'n tiener is wat wil kom, of iemand wat wil help, **almal is welkom** om deel te wees van hierdie groot avontuur.

Details om te onthou:

⇒ Registrasie: Vrydag 4 April, 08:00 (bring jou eie tente saam)

⇒ Kamp open amptelik Vrydag 16:00

⇒ Program eindig: Sondag 6 April om 11:00

⇒ ONTHOU dit is eie Vervoer!!

Stuur sommer dadelik vir Ds Sunell (0832574589)'n boodskap om jou plek te bespreek!!

Moet dit nie misloop nie!!!

#imagine

4-6 APRIL 2025

OOS-KAAP

JEFFREYSBAAI, KARAVAAN PARK

#BRING YOUR SQUAD

R650-00 SLUIT VERVOER UIT

Christenkamp vir tieners 13-18 jaar oud

#imagine

ALGEMENE VRAE:

DATUM: 4-6 APRIL 2025, REGISTRASIE: 4 APRIL VANAF @ 08:00

KAARTJIEKOSTE: OOS KAAP R 650-00 PER PERSOON SLUIT VERVOER UIT

VENUES:

1. WES-KAAP
Bredasdorp Park

Bredasdorp

2. VRYSTAAT
Nampo Park

Bothaville

3. OOS-KAAO
Jeffreysbaai Karavaan Park

Jeffreysbaai

OUDERDOM:

-18 Tieners 13-18 jaar oud.

+18 Vrywilligers en leiers van alle ouderdomme.

LEIERS:

Vir elke 10 tieners moet jy ten minste 1 leier van dieselfde geslag ook registreer.

AKKOMMODASIE:

Almal is verantwoordelik vir hulle eie tent. Tieners mag deel met vriende van dieselfde geslag.

SELFONE LAAI:

Daar is geen elektrisiteit by tente nie, maar selfone kan by die laaistasie herlaai word teen 'n minimale koste.

SAKGELD:

#Imagine Merch sal verkoop word en verskeie kosstalletjies sal beskikbaar wees.

Kontak: info@imaginemovement.co.za vir enige navrae of jou streekskantoor:
Wes-Kaap: south@imaginemovement.co.za
Vrystaat: central@imaginemovement.co.za
Oos-Kaap: east@imaginemovement.co.za

Vakante pos :

Algemene skoonmaker / tuinwerker (5/8 pos)

’n Vakature bestaan vir ’n algemene skoonmaker / tuinwerker by Hoogland.

Posbeskrywing

Die posbekleër is verantwoordelik vir algemene skoonmaaktake (stofsuig, voorbereiding en opruiming van lokale, was van vloere en ruite, in en rondom die kompleks beddings skoon te hou, help met voorbereiding van funksies bv. basaar en beskikbaar wees om wanneer nodig ook op ’n Saterdag te help, ens.)

Pos en persoonspesifikasies:

- Geduldig
- Betroubaar
- Moet onafhanklik kan werk
- Goeie interpersoonlike vaardighede
- Goeie kommunikasievaardigheid in Afrikaans

Rig u aansoek of CV met kontakbare verwysings aan : Leandra Bonthuys

Per e-pos: leandra@pehoogland.co.za

Per hand: Kerkkantoor ontvangs : Kantoorure 08:00 -13:00

Kontakbare verwysings is belangrik.